



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Western Cape Provincial Parliament IPalamente yePhondo IeNtshona Koloni

SIMBOLE VAN DIE WES-KAAP

FEITEBLAD 25

REVISION 1, 23 September 2024

Rooi disa (*Disa uniflora*)

Die rooi disa blom van Desember tot Maart. Dit is 'n immergroen terrestriële orgidee wat langs stroomoewers, watervalle en nat kranse op Tafelberg en in ander dele van die Wes-Kaap groei. Sy bestuiwing hang geheel en al af van die bergnooientjievliender (*Aeropetes tulbaghia*).
Bewaringstatus: Minste kommer.



Silwerboom (*Leucadendron argenteum*)

Die silwer glans van die blare van die silwerboom word veroorsaak deur sagte, fluweelagtige hare wat plat lê in warm, droë weer om die boom teen uitdroging te beskerm. Manlike en vroulike blomme word op aparte bome gedra. Die boom groei natuurlik teen die hange van Tafelberg.
Bewaringstatus: Bedreig.



Kaapse suikervoël (*Promerops cafer*)

Die Kaapse suikervoël is hoogs afhanklik van proteas vir nektar en nesbou, en 'n Kaapse suikervoël besoek tot 300 blomme per dag. Die Kaapse suikervoël is endemies aan die Wes-Kaap en Oos-Kaap. Die voëls is monogaam en albei voed uitgebroeide voëltjies. Die mannetjie se stert is tot drie keer langer as sy lyf. Bewaringstatus: Minste kommer.



Bontebok (*Damaliscus pygargus pygargus*)

Die bontebok is endemies aan die Wes-Kaap is daar 'n geskatte bevolking van 2 480. Die bok is in die vroeë 1900's van uitwissing gered toe die laaste 20 diere op 'n plaas naby Bredasdorp bewaar is. Hulle kan uitgeken word aan 'n aaneenlopende wit voorkopband en 'n groot wit vlek op hul kruis. Bewaringstatus: Kwesbaar.

